

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 46

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

AAN JOU ADRES

Hulle loop vandag by die duisende rond: die ontnugterdes, die ontredderdes, die ontspoordes, die verdwaaldes, die vertwyfeldes, die teleurgesteldes.

Jy kry hulle in die stede op die bankies in die parke.

Jy kry hulle op die verafgeleë boereplase.

Jy kry hulle in luukse hotelle en sonnige woonstelle.

Jy kry hulle Sondae langs die viswaters en in die karavaanparke.

Jy kry hulle oral. Is u een van hulle? Of is u seun of dogter een van hulle? U vader of moeder miskien? U bure?

Dan is hierdie boekie, *Quo vadis?* by die regte adres.

Hy is geskrywe vir sondaars soos jy en ek.

Vir mense wat tot die besef gekom het: So kan dit in my lewe nie langer aangaan nie.

Alles het vervlak en klink soos 'n goedkoop lied op straat.

Die dae en nagte word 'n sinnelose aaneenskakeling van lig en skaduwee, grys, toonloos, leeg. Is daar nog redding moontlik? Is daar nog 'n uitweg uit die doolhof van lewe en dood waarin ons geslinger is? Is daar êrens 'n rusplek vir die hoof en die holte van die voet? 'n Plek waar 'n mens — soos 'n moeë reisiger langs 'n lang stofpad — by 'n waterlopie onder 'n groen koelteboom kan gaan sit en uitrus?

Ja, daar is redding.

Daar is geluk.

Daar is blydschap.

Selfs vir hulle wat gedink het dis finaal verlore.

Selfs vir diegene wie se lewe oënskynlik onherroeplik verwoes is. Die lewe kan opnuut begin. By Jesus Christus.

Hy roep en sy roepstem klink die wêreld deur.

Hy roep ook in hierdie eenvoudige woorde wat jy nou hier lees.

Wie weet: Miskien is hierdie woorde juis vir jou bedoel om die groot nuwe begin te maak.

As jy twyfel, as jy soek, as jy dink jy is verlore, luister dan na hierdie woorde van Jesus: Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is. en Ek sal julle rus gee.

Ek is die weg en die waarheid en die lewe.

Wie in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo sal nooit sterwe tot in ewigheid nie.

Glo jy dit? Verlang u na hierdie rus? Soek u hierdie weg? Smag u na hierdie ewige lewe?

By Jesus Christus sal u dit vind.

As u meer lig oor hierdie dinge wil hê, skrywe direk aan Quo Vadis?

Posbus 20008,
Noordbrug,
POTCHEFSTROOM.

Die toegeskroeië gewete

U ken hom.

Die man op wie jy nie kan reken nie. Wat ter wille van eie gewin andere sal benadeel en bedrieg, blykbaar sonder om homself daarvoor te kwel. Die man met die toegeskroeië gewete.

AAN DIE KORTSTE END.

Gewoonlik voer hy allerlei verskonings aan om sy optrede te regverdig. As hy iemand met 'n saketransaksie "ingeloopt" het, sal hy sy gewete met die argument dat die ander man aan die kortste end trek omdat hy onkundig was. Die beste man wen.

Maar moenie dink dat hy gewetenloos of harteloos is nie. Vra hom om 'n bydrae vir een of ander goeie saak, en hy sal jou nie teleurstel nie. Tien teen een behoort hy ook aan 'n kerk.

DIE GEWETE.

Dis werklik nie maklik om die denkwys van so iemand te verstaan nie. Waarom hinder sy gewete hom nie?

Maar wat presies is gewete?

Is dit, soos sommige reken 'n onverklaarbare gevoel wat by jou opkom wanneer jy 'n verkeerde ding gedoen het? 'n Geheimsinnige "stem" wat jou van buite af toespreek?

As dit só is, is hierdie "stem" baie onbetroubaar en willekeurig, ten opsigte van die beoordeling van wat reg of verkeerd is. Want die een persoon oordeel — volgens sy gewete — dat dit verkeerd is om te dans, terwyl 'n ander oordeel dat dit nie verkeerd is nie — ook volgens sy gewete!

Nee, so geheimsinnig werk die gewete nie. Die gewete is 'n werksaamheid van ons bewussyn waardeur 'n bepaalde daad beoordeel word volgens maatstawwe van goed en kwaad, vir sover die maatstawwe aan ons bekend is. Die oordeel van ons gewete is dus afhanklik van ons insig in en begrip van 'n sekere maatstaf.

In 'n sondige wêreld is daar net één suiwer maatstaf, naamlik die wil van God. soos dit geopenbaar is in die Woord van die Here. God het wel oorspronklik sy wet in die mens ingeskape. Dit is egter deur die sonde uitgewis, dog nie geheel-en-al nie. Selfs die heiden is nie sonder gewete nie. Paulus skryf aan die Romeine dat die gewete van die heiden beskuldig of verontskuldig. Dit is belangrik om te let op die feit *dat* die gewete ook by die heiden werksaam is. Maar die *maatstaf* waarvolgens die gewete moet oordeel, ontbreek by hulle. Dit ontbreek hulle aan die regte insig in die wet van God.

Om nou 'n definisie te gee van wat die gewete is, kan ons dit in die lig van bostaande só saamvat: *Die gewete is die werking van die bewussyn waardeur die mens sy eie dade beoordeel. veroordeel of goedkeur, volgens sy insig in die wet van God.*

Om tot 'n suiwer gewetens-uitspraak te kan kom. moet ons dus eerstens die wet van God so suiwer as moontlik ken en bewaar; tweedens moet ons 'n duidelike begrip hê van die daad wat ons beoordeel; en derdens moet ons die daad so suiwer as moontlik toets aan die wet van God.

Dit wil nie sê dat die gewete, wanneer dit aldus werksaam is, onfeilbaar is nie. Intendeel, die mens wat van nature sondaar is, kan dwaal in sy toepassing van die sedewet op die daad.

Daarom moet 'n mens jouself oefen in die beoordeling van jou dade volgens die eis van die Skrif.

Maar om terug te keer tot die man met die toegeskroeiende gewete: Is sy dwaling nie daaraan toe te skryf dat hy die maatstaf vir die beoordeling van sy dade *buite* die Woord van God soek nie? In eie belang, of menslike oorwegings? En is dit nie waartoe ons almal per slot van sake geneig is nie? Só, dat sommige hul kerkloosheid regverdig met die argument dat die Kerk jou nie salig maak nie, en dat jy op jou eie geloof salig word. Hulle vergeet om te vra: wat sê die Woord van die Here!

EN U?

Hoe is dit met u gesteld? Het u miskien óók uit oefening geraak om u dade te beoordeel in die lig van die Bybel?

U lees miskien selde, of glad nie meer u Bybel nie.

U bid slegs af en toe. U leef los van die kerk.

Waarom?

Het u nie tyd vir dié dinge nie? U voel nie behoefte daaraan nie? Pla u gewete u nie meer nie? Het. u al gevra: Wat sê God?

U is heelwaarskynlik getrou in u werk, en eerlik in u besigheid.

Is dit net ter wille van die behoud van u werk of u sakebelange?

Wat is u maatstaf? Het dié maatstaf waarvan u as kind geleer het, vervaag? Daarom geld ánder maatstawwe in u lewe.

Soek die wáre maatstaf: Die Woord van die Here.

Ons het gepraat van iemand met 'n toegeskroeiende gewete.

Miskien u self?

A.S.L.M.

WAAROM MOET EK KERK TOE GAAN?

'n Erediens is 'n ontmoeting tussen God, onse Vader en sy kinders op aarde.

'n Ontmoeting. Hulle luister na Hom. Wat Hy van hulle vra.

Hy luister na hulle. Wat hulle nodig het.

Hy skenk vergewing. Genade. Versterking van die geloof. Hulle ontvang dit. Loof Hom daarvoor. Bely Hom as die enigste Gewer van alles wat goed is.

Die saligmakende geloof. 'n Gawe wat God gee in die hart van Syne. Wie dit van die Here nie ontvang nie, kan dit nooit kry nie. Wie dit het, moet dit koester. Die kosbaarste in sy lewe. Die geloof maak ons Christus en al sy weldade deelagtig. Die ewige lewe. Die Heilige Gees werk dit in ons harte deur die preek van God se Woord. Versterk dit deur die gebruik van die Sakramente. Die erediens. Wat die Here vir ons wil sê, wat ons nodig het om te weet, is alles gegee in die Woord van die Here.

Verwaarloos die erediens, die gepreekte Woord, dan staan jy buite die gesprek met God.

Die ontmoeting met die Here.

Uitgesluit, verarm, veragter in die genade. Uiteindelik verloor hy alles. En eenmaal verloor kan hy dit nooit weer kry nie. 'n Uitgeworpene. 'n Mens is nie ineens 'n volmaakte heilige nie. Die gepreekte Woord maak jou dit. Jy word dit Net so is 'n mens nie ineens 'n satan nie. Hy word dit. Ook 'n proses. Begin met die minagting van die erediens.

God die Heilige Gees werk nooit los, buite, apart van die gepreekte Woord nie. Dit is die instrument van die Heilige Gees. Die troffel om die Godsryk in jou hart te bou. Die Gees lei die mens dieper in in die wondere van die ewigheid. Die onsterflikheid. 'n Ewige erfenis.

Ewigheidstoekoms.

Perspektief op hierdie lewe en die lewe hierna.

Daarmee gee Hy rigting, koers aan jou lewe.

Wie dit nie ken nie, verdwaal. Sy lewe word 'n eindelose sirkelgang. 'n Doellose gemaal in die rondte.

Frustrasie.

Angs.

Wanhoop.

Dood.

Hierdie geloof moet uitgroeï.

Al groter. Soos die mosterdsaad. Die kleinste van saadjies, uitgroeï tot 'n groot boom.

Om te groei is die gepreekte Woord die onmisbare vereïste.

Mense verloor liever hulle lewe as om Christus te loën.

Paulus, 'n ou man met uitgerekte nek op die Romeinse skavot.

Petrus, onderstebo aan 'n kruishout.

Stephanus, deur die Jode gestenig.

Daar is nog ander. Alleen die gepreekte Woord bring die mens met sy natuurlike vrees vir die

dood, sover.

Wie is ryker as hy wat liever sy lewe hier aflê om Christus ontwil en die Godsryk te beërf?
Wat die wêreld in alles wat dit bied, so kan prysgee?

Maar wie is armer as Judas Iskariot? In hierdie ganse wêreld en die wêreld hierna vind hy niks om voor te lewe nie. Daarom 'n tou om sy nek.

Jesus Christus het sy gelowiges saam gevoeg. Hulle moet saam wees.

Om Christen te wees beteken onder meer om mekaar se hande te vat.

Saam te lewe. Saam te aanbid. Saam God te loof en te prys.

Saam te worstel deur die lewe heen. Altyd saam.

Satan isoleer die mens. Sonder hom af. Maak hom los van sy groep. Kry hom eenkant. Hy is dan weerloos want hy is alleen. 'n Losloper kan nooit deur die lewe kom nie. Niemand om te help nie. Veral nie wanneer die son sy lig nie meer sal gee nie. Die maan en die sterre verduister sal word.

Bloed tot by die perde se stange. Daardie dag moet ons mekaar ken. Saam staan. Saam vlug. Deel met die ander wat jy het en hulle nie het nie om te deel in wat hulle het jy nie het nie.

Saam. Anders is dit tevergeefs. Alleen kom jy nie deur nie. Daarom saam in die erediens.

Mekaar leer ken. Die losloper sonder hom hier af. Loop eenkant. Daarom ken die kerkmense hom nie. So af en toe gemerk, maar 'n vreemdeling.

Hier 'n vreemdeling. Hoe kan hy verwag om in die ewige gemeente verwelkom te word? Welkom en tuis te voel.

Hier 'n vreemdeling! Spreek tog vanself, daar ook 'n vreemdeling. Hoe nou tuis voel tussen vreemdelinge?

In die erediens bely ons saam. Bid ons saam. Saam eer ons onse God. Nie vreemd vir mekaar nie. Daarom tuis in die ewige tente.

God kom aan die einde. Maar nie na los individue toe nie. Na 'n herskepte mensheid.

Die Bruid van Jesus Christus. Sy kerk waarvan ek lewende lidmaat moet wees en bly.

So deel ek in die bruilofsvreugde van die Lam.

Die dag wanneer die geloof oorgaan in aanskouing. Wanneer ons lewe en 'n groot erediens tot eer van God sal wees.

Die dag van die Here.

Ds. N. J. Grobler.

MENSE WAT SKINDER

Wie durf beweer dat die mense nog nooit van hom geskinder het nie? Dis 'n sonde wat so oud is as die mensheid self en so wyd verbreid as die aarde groot is.

Wie is die mense wat skinder?

* *Mense wat niks te doen het nie.*

Gewoonlik is dit *hulle wat niks te doen het nie*. Mense wat hul dae deurbring deur saam te sit en klets. Vroue wat in 'n losieshuis woon en met hulself opgeskeep is, soek mekaar se geselskap op. Dis nie lank of die tonge is los oor hierdie of daardie een. Sy hele verlede word uitgepluis en al sy foute en ondeugde bespreek. In so 'n geselskap het die duiwel geen werk nie. Daarom is ledigheid die duiwel se oorkussing.

* *Mense wat geen ambisie het nie.*

Mense wat skinder is dus *mense wat geen ambisie het nie*. Hulle dink selde daaraan om 'n goeie boek te lees. As hulle lees, is dit die ou skinderkoerant en derderangse slapbandboeke. Die mense wat nie 'n stokperdjie het om hul aandag af te lei van ander mense nie. Hulle hele gedagte-wêreld is platvloers. En omdat hulle oor niks anders kan dink as ander mense en hul foute nie, kan hulle ook oor niks anders praat nie.

* *Mense wat familie is.*

Ons vind hierdie lelike gewoonte ook by *mense wat familie is*. Soms kry jy so 'n familie-kliek. Hulle het ook maar hul onderonsies, dog teenoor die buitewêreld vertoon hulle 'n verenigde front. As hulle bymekaar kom, word 'n ieder en elk bespreek — van die predikant tot hul kombuisjong.

* *Mense wat jaloers is.*

Mense wat skinder is *mense wat jaloers is*. Hulle is jaloers op mense wat in hul oog beter presteer as hulself of 'n posisie beklee wat hulle hom nie gun nie. In plaas van te wys waartoe hulle in staat is, probeer hul die ander neerhaal deur hul sleg te maak. Vertel vir die mense dat jy van die of daardie nie notisie kan neem nie. Jy moet gewoonlik alles wat hy sê, met 'n knippie sout neem. Vertel vir hulle hy doen nie sy werk nie, al weet jy dit is nie so nie. Op 'n fyn manier gee jy hom 'n naam onder die mense. Dit maak nie saak of jy hom verontreg nie. solank jy net 'n heimlike genot daaruit kan kry om hom te verneder.

* *Kerkmense.*

Mense wat skinder, is *dikwels kerkmense*. Hulle steel nie en hul roof nie en pleeg nie egbreuk nie. Hulle sal nooit hul skuldig maak aan ernstige oortredinge van Gods se gebooie en aan ergerlike openbare sondes soos dronkenskap of dans nie. Maar kom hulle bymekaar, dan is dit die rok wat Tant Sannie Sondag in die kerk aangehad het of die predikant wat sulke stout kinders het. As dit net hierby bly, maar gewoonlik word ander mense se karakters bespreek en hul familie se foute opgedelf.

Dis sonde voor God.

Wat doen hierdie mense? Hulle sondig. En die Here vertoorn hom verskriklik oor sulke sondes. Hy vra van ons dat ons mekaar moet liefhê. Doen aan jou naaste wat jy graag aan jouself gedoen wil hê. Wil jy hê ander moet van jou skinder? Genot daaruit put om jou te verneder? Jou familie se foute gedurig bespreek — dinge waaraan jyself tog niks kan doen nie? Doen dan nie so aan hulle nie. Mens kan 'n ontsettende mag oor iemand uitoefen deur 'n

slegte naam aan hom te gee. So word hy magteloos oorgelewer aan die willekeur van ander. Daarom dat die Here ook ons naam beskerm met die gebod: Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.

Ellende!

Wie kan die ellende beskrywe wat deur kwaadsprek nie al veroorsaak is nie! Hoeveel lewensgeluk is nie daardeur verwoes nie, hoeveel vriendskapsbande nie verbreek nie!

Die gelowige moet sy tong in toom kan hou. Wie dit nie kan doen nie, moet ernstig daarom bid. Wat ons nie uit eie krag kan doen nie, word gedoen deur die krag van Christus.

Die liefde bedek alles.

Al is dit die waarheid dat iemand so 'n slegte voorouer het of so 'n stout kind, dink net daaraan hoeveel het hy nie al daaronder gely nie. Waarom dit nou met soveel smaak oorvertel? Die waarheid is tog ook 'n skat wat mens moet bewaar en nie onnodig rondstrooi nie. Mens moet ook kan swyg. Die liefde krap nie alles oop nie, maar hy bedek alles.

Laat ons die eer en goeie naam van ons naaste na die beste van ons vermoë verdedig en bevorder. En laat ons in alles wat ons praat, onself afvra: Is dit tot eer van God?

L.

MY BOESEMSONDE

Die uitdrukking *boesemsonde* is seker nie heeltemal vreemd aan u nie. U weet seker dat dit 'n geliefkoosde sonde aandui, 'n sonde waarvan 'n mens maar net nie kan of wil afstand doen nie.

As u self so 'n boesemsonde het, sal u my goed verstaan.

In alle ander opsigte luister u miskien nog na die gebooie van die Here en u probeer ook om daarvolgens te lewe, maar in daardie één opsig waarin u boesemsonde aangeraak word, daarin sien u werklik nie kans om presies te doen soos die Here sê nie. Dit sou trouens beteken dat u dan sovéeel wat vir u tog so aangenaam is, sal moet prysgee. U voel ook dat as u u boesemsonde moet nalaat, dit in die praktyk daarop gaan neerkom dat u hele lewe sal moet verander. En ... nee, u voel dat dit darem te veel gevra is.

'N SPREKENDE VOORBEELD.

Om u te help, wil ek u graag vertel van 'n ander persoon wat ook 'n boesemsonde gehad het. Ons lees van hom in die Bybel in Markus 10:17-31. Dit was 'n ryk jongman.

Van hom word gesê dat hy nougeset aan al die gebooie van die Here gehoorsaam was. Net in één opsig was dit nie die geval nie en dit was die verhouding waarin hy tot sy aardse besittings gestaan het. Op hierdie terrein was sy boesemsonde geleë. Hier was alles nie reg nie. Hier het hy God nie bo alles liefgehad en sy naaste soos homself nie. Hy was so verknog aan sy aardse besitting dat dit 'n verkeerde, beheersende plek in sy lewe ingeneem het.

Ja, andersins goed gehoorsaam aan die Here. Maar in hierdie een opsig . . .

Op alle lewensterreine wil hy die Here graag laat binnekom, maar op hierdie één plek wil hy nie. Wat hy met sy aardse besittings en goedere doen, daarvoor wil hy hom nie deur God laat voorsê nie. Daarvoor wil hy self besluit.

Maar weet u wat het Christus toe aan hom gesê? Hy het gesê dat hy hom juis ten opsigte van hierdie één lewensterrein moet bekeer voordat by die ewige lewe kan beërwe. Al is hy ook in al die ander opsigte goed gehoorsaam aan die Here, as hy nie afstand doen van hierdie boesemsonde van hom nie, kan hy die ewige lewe nie beërwe nie.

TERUG NA U.

En nou kom ek weer terug na u met u boesemsonde. Ek weet nie op watter terrein dit by u geleë is nie. Dit mag by u net soos by daardie ryk jongman die verhouding tot u aardse besittings wees. Dit mag miskien u huwelikslewe of u verhouding tot ander mans of vrouens wees. Miskien lê u boesemsonde in u optrede teenoor minder bevoorregtes of nie-blankes. Dit kan ook daar gevind word waar u besigheid doen. Moontlik is dit afguns of 'n geweldige gesoek na eie eer.

U sal in elk geval self wel weet waar u boesemsonde gevind word.

En nou voel u ook dat die Here met sy gebooie op al die ander plekke in u lewe baie welkom is, maar net op daardie één plek nie.

Nou kom Jesus egter na u toe en Hy sê aan u dat Hy eers op daardie een plek waar u u boesemsonde koester, moet inkom voordat ook u die ewige lewe kan beërwe. Al is u andersins so goed gehoorsaam aan die Here, as u u boesemsonde nie wil nalaat nie, het u geen deel aan die ewige saligheid nie.

Die Here wil juis op daardie plekke in ons lewens inkom waar ons Hom nie graag wil hê nie, want as Hy dáár ingekom het, is die toegang tot al die ander fasette van ons lewens eintlik geen probleem meer nie.

DIE MINSTE WEERSTAND.

U moet goed onthou dat dit die besondere karakter van die koninkryk van die hemele is dat dit nooit handel volgens die wet van die minste weerstand nie; intendeel, dit soek altyd die dikste beton muur van ons lewens uit om daar, juis dáár ons lewens binne te kom. En as ons ons nie tot die Here wil bekeer en Hom op daardie verbode plekke met hulle boesemsondes wil laat binnekom nie, wil Hy nêrens in ons lewens inkom nie, want dit sou beteken dat ons Hom dan altyd met 'n halwe hart dien, en dit haat Hy.

DIT MOET.

Daarom vra die Here ook van ons soos van daardie ryk jongman 'n radikale, deurbrekende, beslissende optrede ten opsigte van u boesemsonde voordat u gered kan word en die ewige lewe kan beërwe. Dit mag vir u swaar wees om van dit wat vir u so aangenaam is, afstand te doen, *maar dit moet*. God sê: Dit moet! U saligheid sê: Dit moet!

U moet u ook ten opsigte van daardie één terrein waarop u boesemsonde geleë is, heelhartig tot die Here bekeer en sy gebooie uitvoer. Ook op daardie lewensterrein moet u daartoe kom om Jesus onvoorwaardelik te volg. Dan sal u 'n skat in die hemel hê.

P. J. de Bruyn.

Die geluksgodin het my gehelp

Deur Ph. Snyman

Het u ook al hierdie uitdrukking gebruik?

U wou miskien 'n huis koop. Juis toe u so besluit, verneem u van iemand wat sy huis moet verkoop omdat hy oorsee gaan. U kry die huis teen 'n billike prys, en as u by u vriende kom. dan roem u: ..Die geluksgodin het my gehelp."

Of u beland in 'n ongeluk terwyl u saam met kollegas in 'n motor op pad is huis toe van die werk af; een of meer van hulle is dood of ernstig beseer; en u self ontkom wonderbaarlik aan ernstige beserings. Was u eerste woorde toe u tuiskom ook: "Die geluksgodin het my gehelp?"

EEN VAN TWEE MOONTLIKHEDE

As u in God glo, en u gebruik hierdie of soortgelyke woorde, dan weet u waarskynlik nie wat u sê nie, of u geloof in God is nie eg nie.

As u *weet* wat u sê wanneer u dié woorde gebruik, dan dien u nie die God wat Homself in Die Bybel bekendgemaak het nie, maar u dien die geluksgod of geluksgodin.

Van hierdie afgod lees ons in Die Bybel o.a. in Jes. 65:11, 12: "Maar julle wat die HERE verlaat, wat my heilige berg vergeet. wat 'n tafel dek vir die geluksgod en die mengsel inskink vir die godin van die noodlot — Ek sal julle bestem vir die swaard .. ."

Hier lees ons van die *geluksgod* en van die *godin van die noodlot*.

As jy hierdie gode dien, dan glo jy dat die geluk jou (toevallig) getref het as jy iets goeds ontvang. Dan dank jy nie die ware God (van Die Bybel) vir die goeie dinge op jou lewenspad nie.

ONSEKERHEID EN ANGS.

As teëspoed, teleurstelling of siekte jou deel word. dan glo jy dat 'n blinde, onpersoonlike mag, (nl. die noodlot) dit so beskik het.

In sy Woord spreek God sulke mense aan "Julle wat die HERE verlaat."

Hulle is mense wat nie reken met die ware God nie.

Hulle reken met die geluksgodin.

Of met die noodlot.

O, wat 'n lewe van onsekerheid en van angs as jy die Here verlaat het — (Hy wat jou gemaak het en tot nou toe bewaar het) en jou toevlug neem na die geluksgodin.

In Jesaja se tyd het God sy oordeel oor hulle uitgespreek wat vertrou op die geluksgodin.

DIE TYD VAN GENADE

Geagte leser, vir u is die tyd van genade nog nie verby nie.

As u ook op die geluksgodin u hoop en vertrou gevestig het; as u ook loterykaartjies uitgeneem het met die hoop om gou ryk te word; as u ook die ware God vergeet en verlaat het en die afgod van geluk gedien het . . . dan roep ons u toe:

Bely u sonde voor die Here.

Bid om vergifnis van u sondes deur die bloed van Jesus Christus.

Verlaat die afgode.

En vertrou op die HERE.

Die vertrou op die geluksgodin voer u 'n altyd swarter wordende nag in.

Die vertrou op die God en Vader van onse Here Jesus Christus bring u op die weg van ewige vrede en ewige geluk!

Maak jou klaar om jou God te ontmoet

Deur H. J. Boshoff

Amos 4:12.

Ou buurman, hier is ou Laspos weer om met jou oor kerklike sake te praat. Ek weet ek is nie juis welkom om daaroor te gesels nie, omdat jy dit as inmenging in jou private lewe beskou. Nou met ek egter in hierdie opsig dikvellig wees, want dit is my roeping om lastig en aanvallend op te tree. Op my rus die amp van die gelowige, en dit is om aan te val met die swaard van die Gees, nl. die Bybel. Daarom *moet* ek lastig wees. Ek moet jou bestorm met my swaard.

Maar wat jy nie weet nie, is dat dit so heerlik is om deur hierdie swaard aangeval en oorrompel te word. Jy lag nou daaroor, maar dit is die waarheid. Jy reken dit is skrikwekkend om deur 'n wêreldse swaard aangeval te word, maar laat ek jou sê: Dit kan nie vergelyk word met God se swaard nie. Dit is vreeslik om te val in die hande van die lewende God. Jesus het ook gesê volgens Matth. 10 : 28 "Moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liever wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel." Daarom sê ek dit is veel eerder nodig om vir God se swaard bevreesd te wees.

En tog sê ek dit is so heerlik om deur sy swaard oorwin te word. Ja, hy sny tot die lewe of tot die dood. Laat jy jou oorwin, d.w.s. hou op om teen die prikkels te skop, dan vind jy daardeur genade en ewige lewe. Dit is met die oog daarop dat ek lastig is. Ou buurman, jy lewe so onverskillig; so in stryd met die goeie opvoeding wat jy ontvang het. En as gedoopte is daar vir jou geen verskoning nie. Jy kan nie eenmaal voor die Regterstoel sê: Ek het nie geweet nie. Jy sê nou wel met jou mond dat jy nie glo aan 'n eindoordeel nie, maar jy stry teen jou beterwete.

Ek weet jy aanvaar diep binne-in dat die Regter bestaan en dat die oordeel aanstaande is. Alle mense besef dit wel, maar hulle probeer hulself bluf. Die grootste ateïs wat met dramatiese gebaar die bestaan van die Regter ontken, is in werklikheid met toneelspel besig. Waarom, dink jy, haat die goddelose die gelowiges so? Dit is tog omdat die waarheid seermaak. Hy raak woedend as daar aan sy gewete gepeuter word. Hoekom? Omdat sy gewete dit al te lastig vind dat hy aan die oordeel herinner word. M.a.w. hy glo tog aan dit wat hy ontken. Sy slimmighede en ontkennings laat my dink aan die gogga wat 'n wolk maak as hy skrik. Dit is sy rookskerm waaragter hy wil wegkruip.

Die goddelose is 'n bang mens. Daar is by hom 'n ontsettende siele-ang. Hy moet wegkruip, maar waar? Hy fabriseer vir homself 'n skerm van slimmighede, ontkennings en allerlei ratse verontskuldiging. Maar dit is alles blote rook, en wie kan vir God agter rook wegkruip? Daar is 'n beter skerm as die armsalige rook van menslike slimmigheid. Dit is Christus.

Vind jy dit nou werklik lastig, buurman, as ek jou kom inlig oor die veilige skerm wat Christus vir ons geword het deur sy arbeid aan die kruis? Daar het Hy vir ons geregtigheid verwerf wat geld as skild in die oordeel as ons God ontmoet.

Daar is 'n gapende afgrond voor jou voete en die Here gebruik 'n laspos soos wat ek is, om jou oë daarvoor betyds te open. Jy wil tog nie soos 'n slaapwandelaar daar aftuimel nie? Wees liever dankbaar dat die Here Hom so met jou bemoei, want as Hy geen genade vir jou het nie, sal geen sterfling ooit met jou oor jou siel kom praat nie. My lastigheid is dus onontbeerlike lastigheid.

Die Here sê in Amos 4:12 aan jou en my: "Maak jou klaar om jou God te ontmoet".

Oorspronklik het Hy dit wel aan Israel gesê, maar dit het God se Woord vir ons geword. Tydelike en ewige straf is vir Israel aangekondig, en dit geld vir elkeen wat hom nie laat oorwin deur die Swaard van die Gees nie.

Luther het gesê dat die veragting van die Woord gruweliker is as gruwels soos moord, owerspel, diefstal, leuen, want sulke gruwels kan tog nie voorkom waar die Woord van God eerbiedig word nie. Omdat Israel die Woord verag het, moes hulle gewaarsku word dat hulle God in sy toorn sal moet ontmoet. Dit geld ook vir jou en vir my. Ons moet Hom ontmoet. Met watter skerm? Rook is niks werd nie.

Ek verkies om agter Christus te skuil. Sy versoenings-arbeid is tog verkieslik bo menslike slimmigheid en selfbedrog. Ou buurman, hoe lyk dit — sien ek jou Sondag in die kerk?